MISGEKYK

'n Passie vir moontlikhede (potensiaal)! - 2 Konings 5:1-16

Inleiding:
As ons die teks van die week beter wil verstaan sal ons die Ou-Testamentiese teks deur die oë van die Nuwe Testament moet doen. Ek dink die vergrootglas waardeur ons moet kyk is die teks wat Paulus skryf in 1 Kor 1:26-28: "Dink maar net aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. 27 En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam".

Dit is presies waar vir ons teks vandag:

Skriflesing: 2 Konings 5:1-16
Naäman word genees van melaatsheid
1. Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was 'n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here 'n oorwinning aan Aram besorg. Die man was 'n dapper soldaat, maar hy het melaats geword.
2. Op een van hulle strooptogte het die Arameërs 'n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het.
3. Sy het vir die vrou gesê: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak."
4. Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het.
5. "Gaan gerus," het die koning van Aram gesê, "ek stuur jou met 'n brief na die koning van Israel toe." Hy het vertrek en drie honderd twee en veertig kilogram silwer, ag en sestig kilogram goud en tien stelle klere met hom saamgevat.
6. Hy het die brief na die koning van Israel toe gebring. Dit het só gelui: "Ek het my dienaar Naäman met hierdie brief na jou toe gestuur. Wanneer hy by jou uitkom, moet jy hom van sy melaatsheid gesond maak."
7. Toe die koning die brief gelees het, het hy sy klere geskeur en gesê: "Is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee dat hierdie man iemand na my toe stuur om hom van sy melaatsheid gesond te maak? Dit moet vir julle duidelik wees hy soek net skoor met my."
8. Elisa die man van God het te hore gekom dat die koning van Israel sy klere geskeur het en het 'n boodskap aan die koning gestuur: "Hoekom het u u klere geskeur? Laat Naäman na my toe kom, sodat hy kan besef dat daar 'n profeet in Israel is."
9. Toe Naäman met sy wa en perde daar aankom, het hy stilgehou voor die deur van Elisa se huis.
10. Elisa het 'n boodskap na hom toe gestuur: "Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees."
11. Naäman het vererg weggery en gesê: "Ek het darem gedink hy sou uitkom en gaan staan, die Naam van die Here sy God aanroep, dan sy hand heen en weer oor die plek beweeg en so die melaatsheid wegneem.
12. Is die riviere van Damaskus, die Abana en die Parpar, nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie daarin was om rein te word nie?"
So het hy woedend daarvandaan teruggery.
13. Sy amptenare het by hom gekom en mooi met hom gepraat: "Meneer, as die profeet iets moeiliks van u verwag het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer nou dat hy eenvoudig vir u gesê het: Was jou en jy sal rein wees?"
14. Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein.
15. Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: "Ek weet nou, daar is geen God op die

hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my."
16. Maar Elisa het gesê: "So seker as die Here leef in wie se diens ek is, ek sal dit nie aanvaar nie." Naäman het by Elisa daarop aangedring om dit te aanvaar, maar hy het bly weier.

Uit die verhaal is 2 dinge baie duidelik:
1. Die heldin in hierdie verhaal is 'n klein dogtertjie.
Ons weet van haar net 'n paar goed. Ons weet sy kom van Israel af en is in een van die oorloë tussen Israel en die Arameërs weggevoer deur die soldate. Sy was nog 'n baie jong dogtertjie en het 'n slaaf geword vir Naäman, die bevelvoerder van die Aramese leër. So sy was Joods, jonk en 'n slaaf.

Maar daar is iets anders wat ons van haar agterkom. Sy word nie die heldin in dié verhaal omdat sy Joods is of jonk of 'n slaaf nie. Sy word die held in die verhaal omdat sy weet wat niemand anders weet nie. Sy weet wie haar baas kan help toe hy siek raak van melaatsheid.

Ons lees nie in die Bybel dat sy vir Elisa geken het nie. Ons weet nie verseker of sy geweet het van die wonder van die broodvermeerdering waarvan ons in die hoofstuk voor ons gedeelte gelees het nie (2 Konings 4). Ons weet nie of sy geweet het van die weduwee se kruik wat nooit leeg geraak het nie.

Wat baie interessant is, is dat sy hoegenaamd iets sê! Sy kon stilgebly het. Sy het nie nodig gehad om enigiets te sê. Die Arameërs het haar leed aangedoen. Sy is weggeneem by haar mense, en onthou sy was nog baie jonk. Sy het nie meer vryheid gehad nie. Sy moes vir haar nuwe base help in die huis.

En tog – toe sy hoor van haar baas se melaatsheid, en sy weet sy het inligting wat vir hom iets kan beteken, toe sê sy dit vir hom. Sy help haar vyande – en word so vir ons almal 'n voorbeeld van wat dit beteken om God te ken en die goeie nuus te vertel wat ander mense se lewens kan verander.

Die teoloog Soren Kierkegaard skryf iewers dat hy graag op sy grafsteen die woorde sou wou sien:

Daardie enkele individu

Daarby bedoel hy dat ons elkeen spesiaal deur God gemaak is en dat ons elkeen onsself moet wees daar waar Hy ons geplaas het.

In 2023 skryf die Duitse teoloog Ingolf Dalferth in sy boek: "The Passion of Possibility: Studies on Kierkegaard's Post-metaphysical Theology" dat ons elkeen, ook genoem "singuliere self", 'n passie sal hê vir die moontlikhede wat God elke dag op ons pad plaas. Ons sou dit ook kon vertaal met die woorde:

'n Passie vir moontlikhede / potensiaal.

Dit sien ons raak in die verhaal as ons sien dat kinders, maak nie saak hoe klein hulle is nie, maak nie saak hoe min hulle eintlik in tel is in die groter wêreld waar ander baie keer bo-oor hulle en hulle belange loop nie, hulle het 'n rol te speel. En daarmee is die slavin 'n voorbeeld vir almal van ons.

2. Die tweede ding uit die verhaal wat duidelik is, is **dat gewone goed belangrik is, nie net die buitengewone nie.**

Dit is 'n klein dogtertjie se inligting, 'n bad in die Jordaanrivier, olie by die weduwee, brood by die ete vir 100 mense, 'n dankie-sê van die generaal eerder as die baie goud en silwer wat hy aangebied het, wat in hierdie verhale van Elisa belangrik is. En dit leer ons dat God se wonderwerke baie keer, ek wonder of dit nie meesal is nie, deur gewone goed gebeur.

Ons leer dat God net so aan die werk is in en deur gewone goed as in en deur die buitengewones.

God se buitengewone goed gebeur deur die gewone goed.

Dit is wat Naäman geleer het. Hy het eers teëgestribbel teen die idee om in die water van die Jordaan hom te gaan was, want hy het gedink, dit is darem net te eenvoudig.

Gelukkig luister hy na die amptenare (ook mense wat ons maklik miskyk), net soos hy aanvanklik na die dogtertjie geluister het. En deur die gewone te doen, word hy gesond.

Die verhaal spoor ons dus aan om nie net vir wonders te kyk in die groot goed nie. God is aan die werk in die normale goed wat elke dag gebeur. Hy is besig in die ontmoetings wat ons met mense het, selfs as ons soms dink mense is lastig of onderbreek ons in dit waarmee ons besig is.

Dit is hoe dit in die koninkryk van God werk:

> Hy help ons **IN** die situasie, en neem ons nie eers **UIT** die situasie om ons die pyn daarvan te spaar nie.

Ons moet deur hierdie verhaal leer dat God deur die klein goed wat ons doen werk om groot goed reg te kry. Die klein dogtertjie het net vertel wat sy geweet het: Elisa die profeet in Samaria kan wonderlike goed doen. Dit is al wat sy gedoen het. Ons weet nie eens haar naam nie. Maar daardeur het sy nie net gesorg dat Naäman van sy melaatsheid genees is nie, maar sy het hom aan die Here bekendgestel, soveel so dat hy die Here begin aanbid het.

Daar is niks wat ons doen, hoe klein ook al, wat nie deur God gebruik word om groot dinge te doen nie. Ons kan (en moet) leef met die passie vir moontlikhede (potensiaal).

God doen vandag nog wonders, deur die klein dade van gehoorsaamheid wat ons doen.